

29 Desember

Skrifgedeelte: Titus 2:11-3:11  
Fokusgedeelte: Titus 2:11 en 3:4

### Deur God se genade 'n nuwe verlede, 'n nuwe toekoms en daarom 'n nuwe hede

**H**oe lyk die hede as ons terugkyk na die geboorte van Jesus? Alhoewel Titus die Kretense se optrede in die verlede tyd beskryf, voel ons dikwels skuldig as ons woorde soos “on gehoorsaam”, “begeertes”, “singenot”, “kwaadwilligheid” en “haatlik” lees (Tit 3:3). In ons lewens hoort die beskrywing nie heeltemal tot die verlede tyd nie.

God se genade wat verlossing bring, het egter verskyn. Deur ons Verlosser, Jesus Christus, kry ons 'n nuwe verlede. Daarom kan ons, ten spyte van ons sonde, ook in die verlede tyd praat: Hy *het* ons rein gemaak (Tit 2:14). Hy *het* ons verlos en Hy *het* ons sonde afgewas (Tit 3:5). Ons *is* deur sy genade vrygespreek (Tit 3:7). As ons na Kersfees terugkyk, kyk ons terug na ons nuwe verlede.

Ná Kersfees kan ons ook na die toekoms kyk. Ons, erfgename van die ewige lewe (Tit 3:7), sien uit na die gelukkige dag wat ons verwag (Tit 2:13). Kyk ons na die hede soos wat ons dit beleef, wonder ons soms of daar 'n toekoms is. Die verskyning van ons Verlosser beteken dat Jesus na ons *toe kom*. Dit is toekoms.

Vanuit ons nuwe verlede, met ons uitsien na die toekoms, beteken die genade van verlossing dat ons in die hede reg lewe. Ons is gereinig, verlos, vrygespreek tot geloof in God met die doel om die goeie te doen (Tit 3:8). Dit beteken dat ons die sondige gedrag afsterwe, om in ons lewe vir ander nuttig en goed te wees. Die goeie kom na vore in ons werkverhoudings (Tit 2:9), ons gehoorsaamheid aan die owerheid (Tit 3:1) en bedagsaamheid teenoor alle mense (Tit 3:2).

Deur die goedheid van God het ons 'n nuwe verlede, 'n nuwe toekoms en daarom 'n nuwe lewe in die hede. Omdat God ewig is, is sy goedheid ewig.

*Sing: Psalm 118:14 (1936-beryming);  
Psalm 118:8 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*